

Stigma-Vrye Geloofsgemeenskappe

*'n Handleiding vir Geloofsleiers om
MIV-en VIGS-Verwante Stigma te Beëindig*

Junie 2013



'n Stigma-vrye Geloofsgemeenskap...

1. Praat openlik oor MIV en VIGS en verwante sake soos seksuele gedrag en geslagsongelykheid
2. Kommunikeer gereeld en deurlopend boodskappe van barmhartigheid en deernis eerder as veroordeling aan persone wat met MIV leef
3. Beskryf MIV en VIGS as 'n mediese toestand en nie as straf vir immorele gedrag nie
4. Verskaf basiese feite en inligting oor MIV en VIGS, insluitend maniere van oordrag, behandeling en voorkoming
5. Moedig lidmate aan om ten volle deel van die geloofsgemeenskap te wees, ongeag hulle MIV-status
6. Fokus op die versorging en ondersteuning van mense wat met MIV leef, eerder as hoe hulle geïnfekteer is
7. Bevorder 'n 'positiewe lewe' vir lidmate wat lewe met MIV, deur onderrig, bewusmaking en ondersteuningsgroepe
8. Motiveer alle lidmate om hulle te laat toets en fasiliteer toegang tot MIV toetsing en beradingsdienste
9. Bevestig elke individu se verantwoordelikheid om sy of haar eie MIV-status te ken en gedrag wat tot die oordrag van MIV kan lei, te vermy
10. Werk proaktief met ander organisasies saam om MIV en VIGS in die breër gemeenskap aan te spreek

Is Hierde Handleiding vir Jou?

Vra jouself twee vrae:

- Is MIV en VIGS belangrike sake in jou geloofsgemeenskap?
- Sien mense met MIV jou geloofsgemeenskap as 'n plek van hoop en ondersteuning?

Indien jy “Ja” geantwoord het op die eerste vraag en “Nee” op die tweede vraag, dan is MIV en VIGS verwante stigma 'n probleem in jou geloofsgemeenskap. Hierdie handleiding verskaf praktiese riglyne om stigma te oorkom en jou geloofsgemeenskap te omskep in 'n plek van hoop en ondersteuning vir mense wat leef met MIV.

Indien jy “Ja” op beide vrae geantwoord het, oorweeg gerus om die handleiding se self-evaluasie te gebruik om jou antwoord te bevestig. Hou dan aan om te doen wat julle reeds doen!

Indien jy “Nee” geantwoord het op die eerste vraag, vra jouself of MIV en VIGS verwante kwessies belangrik is binne die breër gemeenskap waarvan jou geloofsgemeenskap deel is. Indien MIV en VIGS kwessies wel belangrik is in die breër gemeenskap, dan is dit heel waarskynlik ook relevant binne jou geloofsgemeenskap. Indien MIV ook nie 'n belangrike kwessie in jou breër gemeenskap is nie, wees dankbaar. Maar voordat jy tot hierdie slotsom kom, vra jouself of hierdie kwessies nie bloot weggesteek is of nie met vrymoedigheid in die openbaar bespreek word nie. Indien wel, sal hierdie handleiding jou heel moontlik kan help om te voorkom dat MIV en VIGS groter probleme word.

Mag jy goddelike krag en leiding ontvang in die taak om MIV en VIGS verwante stigma te beëindig.

*Dr. David Barstow
Austen, Texas, VSA
Junie 2013*

Die Stigma van MIV en VIGS

Daar kleef 'n stigma aan MIV en VIGS. Omdat MIV hoofsaaklik deur seks oorgedra word, beleef MIV positiewe mense dikwels verwerping en veroordeling. Mense sterf as gevolg van die impak van stigma. Uit vrees vir verwerping vermy mense MIV-toetsing en word behandeling, wat hulle andersins in staat sou stel om produktiewe lewens te lei, uitgestel. Stigma is so wyd versprei dat dit die epidemie vererger. Stigma laat die siekte nog vinniger versprei.

Stigma kan bekamp word, indien die wêreld se geloofsgemeenskappe hulle rol speel. In die verlede het baie geloofsgemeenskappe 'n baie sterk veroordelende houding ingeneem teenoor mense wat met MIV leef. In sekere gemeenskappe is die veroordeling vervang met stilswye, wat die stigma steeds versterk. Gelukkig kan stigma oorkom word wanneer geloofsgemeenskappe wel proaktief optree om stigma teen te staan. Geloofsgemeenskappe word dan plekke van hoop en ondersteuning, ook vir mense wat leef met MIV.

Om stigma suksesvol te beëindig vereis sterk plaaslike leierskap. Die leiers van plaaslike geloofsgemeenskappe is juis in 'n unieke posisie om die stigma binne hulle eie gemeenskappe en selfs wyer te beëindig. Hierdie handleiding is geskryf om plaaslike geestelike leiers te ondersteun om 'n einde te maak aan MIV verwante stigma.

Hierdie handleiding het drie dele:

- Eienskappe van 'n stigma-vrye geloofsgemeenskap
- Effektiewe metodes vir die beëindiging van stigma
- 'n Raamwerk vir stapgewyse verandering.

Die eerste twee afdelings vorm die basis en die derde beskryf stappe wat geneem kan word om 'n geloofsgemeenskap stigma-vry te maak.

Eienskappe van 'n Stigma-vrye Geloofsgemeenskap

Geloofsgemeenskappe wat die stigma van MIV en VIGS uitgeskakel het, weerspieël die tien eienskappe wat in die omslag van hierdie handleiding gelys word. Hierdie eienskappe word later in meer besonderhede beskryf. Die proses om 'n stigma-vrye geloofsgemeenskap te word, vra dat elkeen van hierdie eienskappe omskep sal word *van 'n swakpunt na 'n sterkpunt*.

Hoewel daar komplekse interaksie tussen die verskeie eienskappe is, kan die volgende algemene volgorde, waar elke eienskap voortbou op die vorige, met sukses gevolg word:

- Die eerste stap is om die stilte te verbreek. Indien die komplekse aspekte rondom MIV en VIGS nie openlik bespreek kan word nie, is dit onmoontlik om die stigma self aan te spreek.
- Die tweede eienskap is miskien die belangrikste: ons geloofsoortuiging roep ons daartoe om alle mense met liefde en deernis te behandel en nie te veroordeel nie.
- Die derde, vierde en vyfde eienskappe gaan oor feitelike kennis: MIV is 'n siekte, wetenskaplikes verstaan hoe dit oorgedra word en ook hoe om oordraging te voorkom; mediese dokters verstaan die verloop van MIV-infeksie en hoe om dit te behandel; daar is geen rede om terloopse kontak met mense met MIV te vrees nie.
- Die sesde en sewende eienskappe gaan oor ondersteuning: dit wat geloofsgemeenskappe kan doen om praktiese hulp te verleen aan persone wat met MIV leef.
- Die agtste, negende en tiende eienskappe is gerig op die breër bestryding van die epidemie: die belangrikheid daarvan dat alle lidmate getoets moet word; dat risiko-gedrag vermy word en die behoefte om uit te reik na die breër gemeenskap.

Eienskappe

1. 'n Stigma-vrye geloofsgemeenskap praat openlik oor MIV en VIGS en verwante sake soos seksuele gedrag en geslagsongelykheid.

Dit is noodsaaklik om die kwessies rondom MIV en VIGS openlik te bespreek. As gevolg van kulturele of sielkundige hindernisse mag hierdie moeilike onderwerpe wees om te bespreek. Sonder openlike kommunikasie hieroor is dit egter onmoontlik vir geloofsgemeenskappe om MIV-verwante stigma effektief aan te spreek. Hierdie eerste stap is in baie gevalle die moeilikste, want dit vereis moed en empatie van die leiers van die geloofsgemeenskap.

Verskillende geloofsgemeenskappe mag verskillende geleenthede hê waar MIV-verwante kwessies openlik bespreek kan word. Vir sommige geloofsgemeenskappe kan eredienste die beste geleentheid bied, vir ander mag dit opleidingsgeleenthede wees. Die belangrikste is egter dat hierdie onderwerpe wel openlik en omvattend deur gemeentedelede bespreek word.

Kernvraag

- Hoe dikwels word MIV, VIGS, seksualiteit en soortgelyke onderwerpe openlik tydens 'n erediens of ander byeenkomste van julle geloofsgemeenskap aangespreek?

Eienskappe

2. 'n Stigma-vrye geloofsgemeenskap kommunikeer gereeld en deurlopend boodskappe van barmhartigheid en deernis eerder as veroordeling aan persone wat met MIV leef.

Liefde en deernis vir alle mense is die sleutel tot die uitwissing van MIV- en VIGS-verwante stigma. Liefde en deernis is die basiese leerstelling van die meeste geloofstradisies, maar dit kan baie moeilik wees om uit te leef, veral wanneer 'n mens gekonfronteer word met die baie sosiale, kulturele en teologiese voorbehoude wat deel is van die VIGS-epidemie.

Om stigma te beëindig, is boodskappe van ondersteuning vir mense wat met MIV leef belangriker as boodskappe wat fokus op die verantwoordelikheid van individue om infeksie te voorkom. Boodskappe van individuele verantwoordelikheid is wel ook belangrik (sien eienskap # 9), maar kan gevoelens van skuld en skaamte veroorsaak by mense wat reeds met MIV leef en hulle onwelkom binne die geloofsgemeenskap laat voel. Boodskappe van ondersteuning en liefde moet dus beklemtoon word om gevoelens van skuld en skaamte te voorkom.

In baie geloofsgemeenskappe is hierdie die grootste swakpunt in die tien eienskappe van 'n Stigma-vrye geloofsgemeenskap. Om hierdie swakheid in 'n sterkpunt te omskep, vra voortgesette toewyding en herhaling, in woorde en daede, sodat die geloofsgemeenskap 'n veilige plek van hoop en ondersteuning word vir mense wat met MIV leef.

Kernvraag

- Watter boodskappe word meer algemeen beklemtoon tydens eredienste; boodskappe van liefde en deernis vir mense wat reeds met MIV lewe of die verantwoordelikheid van die individu om MIV-infeksie te vermy?

3. 'n Stigma-vrye geloofsgemeenskap beskryf MIV en VIGS as 'n mediese toestand en nie as straf vir immorele gedrag nie.

Hierdie is 'n sleutel kwessie wat aangespreek moet word. Dit is belangrik dat alle gemeentelede verstaan dat MIV 'n siekte is. Alhoewel infeksie in sommige gevalle die gevolg van gedrag mag wees wat as immoreel beskou kon word, is immoraliteit nie die primêre oorsaak van infeksie nie. Infeksie vind plaas wanneer die virus die menslike liggaam binnedring. Dit kan op baie maniere geskied, sommige waarvan met gedrag wat as immoreel beskou kan word verband hou, terwyl ander niks te doen het met morele of immorele gedrag nie.

Dit is belangrik om die onderskeid raak te sien tussen twee dimensies van menslike gedrag:

- “Morele” gedrag wat in ooreenstemming is met godsdienstige en kulturele norme;
- “Veilige” gedrag wat nie die risiko dra dat die MI-virus oorgedra word nie.

Daar sal altyd verskillende standpunte wees oor watter gedrag “moreel” en “immoreel” is. Daarteenoor kan “veilige” gedrag deur wetenskaplike en mediese navorsing bepaal word. Om stigma te oorkom, is dit belangrik om die onderskeid te verstaan en te fokus op veiligheid en nie moraliteit nie.

Kernvraag

- Hoeveel gemeentelede verstaan dat, as dit by MIV oordrag kom, “morele” gedrag nie noodwendig “veilig” is nie en “onveilige” gedrag nie noodwendig “immoreel” is nie?

Eienskappe

4. 'n Stigma-vrye gemeenskap verskaf die basiese feite rondom MIV en VIGS, insluitend maniere van oordrag, behandeling en voorkoming.

Dit is noodsaaklik dat die lede van 'n geloofsgemeenskap basiese feite oor MIV en VIGS, insluitend die metodes van oordrag, voorkoming en behandeling, verstaan. Hierdie kennis bevestig die verstaan van MIV en VIGS as mediese kwessies. 'n Goeie begrip van die feite help om skadelike gerugte en mites oor MIV uit te skakel en lig lidmate in oor watter metodes van voorkoming effektief is en watter nie.

Sommige onderwerpe mag baie moeilik wees om te bespreek, soos byvoorbeeld die gebruik van kondome. Mense mag dink dat openlike gesprekke oor kondome immorele gedrag aanmoedig. Dit is egter uiters belangrik om te verstaan dat kondome 'n belangrike metode is om MIV-oordrag tydens seks te voorkom. Kennis oor die gebruik van kondome is letterlik 'n kwessie van lewe en dood.

Kernvraag

- Hoeveel gemeentelede het 'n goeie begrip van MIV en VIGS en praat met bevoegdheid oor aspekte soos die oordrag, behandeling en voorkoming van MIV?

Eienskappe

5. 'n Stigma-vrye geloofsgemeenskap moedig lidmate aan om ten volle deel van die geloofsgemeenskap te wees, ongeag hulle MIV-status.

Basiese kennis van MIV-oordrag maak dit duidelik dat toevallige of terloops sosiale kontak met MIV-positiewe mense geen risiko van oordrag dra nie. Daar is dus geen risiko van oordrag wanneer MIV-positiewe persone deelneem aan die aktiwiteite van die geloofsgemeenskap nie. Wanneer lidmate hierdie feite verstaan, kan boodskappe van ondersteuning en aanvaarding daartoe lei dat MIV positiewe lidmate tuis voel in die geloofsgemeenskap en hulle ten volle daarin uitleef.

Dit lei op sy beurt weer daartoe dat lidmate die menslike sy van die siekte sien en tot die besef kom dat die mens wat met MIV leef eerstens mens is en tweedens MIV positief.

Kernvraag

- Hoeveel MIV-positiewe lidmate skakel met gemak in by die gewone aktiwiteite van die geloofsgemeenskap?

Eienskappe

6. 'n Stigma-vrye geloofsgemeenskap fokus op die versorging en ondersteuning van mense wat met MIV leef, eerder as hoe hulle geïnfekteer is.

Wanneer 'n persoon met ander deel dat hy of sy MIV positief is, is hul belangrikste behoefte gewoonlik onvoorwaardelike aanvaarding. Tog is baie mense se eerste reaksie as hulle hoor dat iemand MIV positief is om te wonder hoe die persoon geïnfekteer is. Lidmate wat gemotiveer word deur deernis vra egter nie vrae oor die oorsaak van infeksie nie. Intendeel, hulle behoort die persoon te verseker van hulle aanvaarding en vra hoe hulle kan help.

Sommige lidmate mag dalk niks sê nie, bloot omdat hulle nie weet hoe om te help nie. Baie keer is die beste hulp eenvoudig om die persoon te aanvaar en by te staan rondom die praktiese aspekte van leef met MIV.

Kernvraag

- Hoeveel lidmate praat in die openbaar of in vertroulikheid oor hulle MIV-positiewe status?

7. 'n Stigma-vrye geloofsgemeenskap bevorder 'n 'positiewe lewe' vir lidmate wat lewe met MIV, deur onderrig, bewusmaking en ondersteuningsgroepe.

“Positief leef” verwys na aspekte van persoonlike gedrag wat mense met MIV in staat stel om 'n lang en produktiewe lewe te lei. Om positief te leef is nie sonder uitdagings nie, dit sluit in die uitdagings van langtermyn medikasie, gesonde voeding en die logistiek om gereeld die kliniek te besoek vir monitering en medikasie.

Om positief te leef verwys ook daarna om behoorlike voorsorg te tref om die oordrag van MIV na ander mense te voorkom. Om effektiewe voorsorg te tref, vra kennis van MIV-oordrag en voorkoming en ook selfdissipline en ondersteuning van ander.

Selfhelp- of ondersteuningsgroepe kan uiters effektief wees om mense met MIV te help om hierdie verskillende kwessies te hanteer. Mense in ondersteuningsgroepe kan mekaar byvoorbeeld aanspoor om gereeld hul medikasie te neem en kan ook van mekaar leer hoe ander soortgelyke probleme hanteer het.

Kernvraag

- Is daar aktiewe groepe binne die geloofsgemeenskap wat hulp en ondersteuning bied vir mense wat met MIV leef?

Eienskappe

8. 'n Stigma-vrye geloofsgemeenskap motiveer alle lidmate om hulle te laat toets en fasiliteer toegang tot MIV-toetsing en beradingsdienste.

Elke persoon behoort sy of haar MIV-status te ken, net soos hulle kennis behoort te dra van ander aspekte van hulle gesondheid. Mense dink dikwels dat slegs persone met onveilige gedrag getoets behoort te word. Die teendeel is egter waar, elke persoon, selfs die wat dink hulle loop geen risiko nie, behoort getoets te word. Daar is twee redes hiervoor.

Die eerste rede is van mediese aard. Daar is verskillende maniere waarop MIV-infeksie kan plaasvind en mense mag verkeerd wees as hulle dink dat hulle geen risiko het nie.

Die tweede rede hou verwant met stigma. Indien elke persoon getoets word, word die proses 'n alledaagse aktiwiteit. Sodoende word niemand uitgesonder as hulle 'n MIV-toets ondergaan nie en is daar geen stigma meer verbonde aan toetsing nie.

Indien daar in 'n spesifieke geloofsgemeenskap gevra word wie reeds getoets is vir MIV, en almal in die gemeenskap steek hulle hande op, is hulle op pad na 'n Stigma-vrye gemeenskap.

Kernvraag

- Hoeveel lidmate is al getoets vir MIV en bewus van hul status?

Eienskappe

9. A stigma-free faith community affirms the individual responsibility of all members to know their HIV status and to refrain from behavior that risks transmission of HIV.

Die klem hier is op persoonlike verantwoordelikheid. Sekere dinge moet deur die leiers of deur die geloofsgemeenskap as 'n geheel gedoen word, maar elke individu het ook 'n persoonlike verantwoordelikheid. Een verantwoordelik is dat elke individu sy of haar MIV-status moet ken. 'n Ander is dat die individu onveilige gedrag, wat hom of haarself of ander se kans op MIV-infeksie verhoog, moet vermy.

Wanneer die verantwoordelikheid om onveilige gedrag te vermy, bespreek word, kan dit help om weer te herinner aan die verskil tussen "morele" en "veilige" gedrag, soos bespreek in eienskap #3. In die konteks van MIV-oordrag, gaan persoonlike verantwoordelikheid oor die vermyding van onveilige gedrag.

Wanneer persoonlike verantwoordelikheid bespreek word, is dit egter ook belangrik om te besef dat almal nie altyd vrye keuse het oor sodanige onveilige gedrag nie. 'n Vrou wat verkrag word is maar een voorbeeld van iemand wat nie haar aanvaller kan verplig om 'n kondoom te gebruik nie.

Kernvraag

- Hoeveel lidmate besef die noodsaaklikheid daarvan om persoonlike verantwoordelikheid te aanvaar om MIV oordrag te voorkom?

Eienskappe

10. 'n Stigma-vrye geloofsgemeenskap werk proaktief met ander organisasies saam om MIV en VIGS in die breër gemeenskap aan te spreek.

Wanneer 'n geloofsgemeenskap die kennis, deernis en ondersteuning ontwikkel om stigma in hul midde te beëindig, kan dit 'n rolmodel word vir ander gemeenskappe en ook 'n sterk voorspraak word vir mense wat met MIV lewe. 'n Sterk stigma-vrye geloofsgemeenskap kan bydra tot die uitwissing van MIV-verwante stigma in die hele gemeenskap.

Kernvraag

- Is die geloofsgemeenskap bekend as 'n heenkome van hoop, ondersteuning en voorspraak vir mense wat met MIV leef?

Goeie Praktyk om Stigma te Beëindig

A. Prediking en Onderrig oor die Oorkoming van MIV- en Vigsverwante Stigma.

Eredienste, opleidingsgeleenthede en ander byeenkomste van die geloofsgemeenskap is belangrike geleenthede om boodskappe oor stigma oor te dra en te vestig. Die sukses hiervan sal afhang van of sulke geleenthede gereeld en voortdurend gebruik word – minstens een maal per maand.

Die inhoud van die boodskappe mag verskil, maar 'n paar breë kategorieë is belangrik:

Inligting – Fokus op die basiese feite oor MIV en VIGS sodat alle lidmate behoorlik ingelig is.

Aanvaarding – Beklemtoon die menswaardigheid van alle mense en verwelkom almal om deel te wees en deel te neem aan die geloofsgemeenskap ongeag hul MIV-status.

Deernis – Beklemtoon die morele verpligting om alle mense met liefde en respek te behandel ongeag hul MIV-status.

Aanmoediging – Spesifiek vir mense wat bekommerd is oor MIV en VIGS, gee die versekering dat die geloofsgemeenskap 'n plek van hoop en ondersteuning is.

Voorspraak – Fokus op die belangrike rol van die geloofsgemeenskap in die bevordering van die regte van MIV-positiewe mense in die breër gemeenskap, insluitend die regte van persone wat gemarginaliseer mag wees, soos vroue en kinders.

Verantwoordelikheid – Beklemtoon die belang dat lidmate ook persoonlik op MIV reageer: hul status ken en gedrag vermy wat die risiko van MIV-oordrag verhoog. Boodskappe van persoonlike verantwoordelikheid moet met omsigtigheid oorgedra word om te voorkom dat mense veroordeel voel.

B. Skep geleentheid vir persoonlike getuienisse van mense wat MIV-positief is of persoonlik deur MIV geraak word.

Personal testimonies put a human face on the disease, and can change the

Persoonlike getuienisse maak MIV meer werklik en kan die fokus verskuif van teoretiese dogma na die kompleksiteit van elke dag vir iemand wat leef met MIV.

C. Aanbied van opleidingsessies.

Vroeg in die veranderingsproses is daar 'n groot behoefte aan feitelike inligting oor MIV en VIGS. Dit kan verskaf word tydens eredienste of deur middel van afsonderlike opleidingsessies of werkswinkels waar daar dan op die feite gefokus word.

D. Verskaf opvoedkundige hulpmiddels.

Toegang tot opvoedkundige materiaal soos boeke en pamflette kan ook help om stigma aan te spreek. Twee onderwerpe wat veral belangrik is, is: (1) basiese kennis oor MIV en VIGS; (2) riglyne om gesond te leef met MIV.

E. Aanbied van besprekingsessies oor bepaalde onderwerpe.

Besprekingsessies moedig interaksie tussen lede van die geloofsgemeenskap aan. Dit is veral nuttig by onderwerpe wat beide feite en menings insluit, soos seksuele waardes, of geslagskwessies (gender). Vir sommige onderwerpe mag aparte sessies vir mans, vroue en jongmense moontlik beter wees, terwyl ander onderwerpe juis tot hul reg kom in gemengde groepe.

F. Verskaf toetsing en beradingsfasiliteite tydens eredienste en ander aktiwiteite van die geloofsgemeenskap.

Dit is belangrik dat alle gemeentedele getoets word. Die beskikbaarheid van toetsfasiliteite tydens eredienste en ander aktiwiteite van die geloofsgemeenskap kan help om hierdie doel te bereik. Dit is belangrik dat die resultate vertroulik gehou word en dat opgeleide beraders beskikbaar sal wees.

G. Organiseer ondersteunings- of selfhelpgroepe.

Ondersteuningsgroepe kan mense met MIV help om hul situasie makliker te hanteer. Dit is somtyds beter om aparte ondersteuningsgroepe te hê vir mans, vrouens en jongmense, maar in ander omstandighede kan gemengde groepe weer beter wees. Ondersteuningsgroepe ontmoet gereeld om relevante onderwerpe te bespreek, soos hoe om gesond te leef met MIV en om behandelingsplanne getrou te volg. Dit kan ook 'n praktiese manier wees om logistieke hulp te verleen (soos byvoorbeeld vervoer na klinieke). Hulle sou ook kon saamwerk om fondsinsamelingsaktiwiteite aan te pak. Om saam te werk in 'n ondersteuningsgroep kan ook die bande met die geloofsgemeenskap versterk.

H. Toets die leiers van geloofsgemeenskap in die openbaar.

Dit kan baie effektief wees vir leiers van die geloofsgemeenskap om in die openbaar vir MIV getoets te word. So 'n gebaar wys dat ons almal saam hierin is en dat daar geen "ons-teen-hulle-agenda" is nie. Die uitslae behoort egter vertroulik gehou word. Indien 'n geloofsleier MIV-positief is, kan hy of sy later besluit om hulle MIV status te deel, miskien tydens 'n erediens, maar dit hoef nie onmiddellik na die toetsing gedoen te word nie.

I. Maak die doelwit om stigma te beëindig sigbaar.

Plakkate, tekens en baniere op prominente plekke is sigbare tekens van die verbintenis om MIV-verwante stigma uit te skakel.

J. Bied bewusmakingsaktiwiteite saam met ander gemeenskapsorganisasies aan.

Belangrike aktiwiteite saam met die breër gemeenskap kan bewusmakingsveldtogte, inligtingsessies, MIV-toetsgeleenthede en die erkenning van spesiale geleenthede soos Wêreld VIGSdag op 1 Desember insluit.

Voorgestelde Goeie Praktyk

Sommige aktiwiteit is meer effektief as ander om 'n spesifieke eienskappe van 'n swakpunt na 'n sterkpunt te omskep. Die tabelle hieronder toon aan watter van die beste praktyke (gemerkt A tot J op bladsye 14-16) die mees geskik is vir watter eienskappe. Vind die ry met die nommer van die eienskap en oorweeg die beste praktyke wat langsaan gemerk is.

Byvoorbeeld, vir Karaktertrek #5 (*“Stigma-vrye geloofsgemeenskappe moedig lidmate aan om ten volle deel te wees van die geloofsgemeenskap, ongeag hul MIV-status”*), is die volgende goeie praktyke mees effektief: A (*preke en onderrig*), B (*persoonlike getuienis*), H (*openbare toetsing van leiers*) en I (*openbare plakkate en baniere*).

		Goeie Praktyk									
		A	B	C	D	E	F	G	H	I	J
Eienskappe	1	•		•		•				•	
	2	•	•						•	•	
	3	•	•	•	•	•					
	4	•		•	•	•					
	5	•	•						•	•	
	6	•	•		•	•		•			•
	7				•		•	•			•
	8	•					•		•		•
	9	•	•			•	•	•	•		
	10				•		•	•	•	•	•


Natuurlik sou ander praktyke ook gebruik kon word en hierdie tabel is dus 'n riglyn en nie 'n voorskrif nie.

Stapsgewyse Verandering

Om stigma rondom MIV en VIGS uit te skakel, verg volgehoue pogings wat oor 'n langer tydperk strek. Dit kan ten beste bereik word met 'n reeks van veranderingsiklusse, waarvan elkeen ongeveer ses tot twaalf maande duur. 'n Siklus behels vier primêre aktiwiteite:

- **Evalueer** – Identifiseer die sterk- en swakpunte in die tien eienskappe
- **Fokus** – Identifiseer 'n paar swak eienskappe om op te fokus tydens die siklus
- **Beplanning** – Ontwikkel 'n gepaste aksieplan om op die eienskappe te fokus
- **Aksie** – Voer aksies uit en verander die swakpunt na 'n sterkpunt

Aan die einde van elke siklus moet die evaluasie herhaal word om vordering te meet en om eienskappe te identifiseer om in die volgende siklus op te fokus.



Stapsgewyse Verandering

Evalueer

Elke veranderingsiklus begin met 'n evaluasie. Die doel van die evaluasie is om die spesifieke omstandighede binne die geloofsgemeenskap te verstaan om vordering wat reeds gemaak is te verstrek en om te bepaal watter stappe om volgende te neem.

Een metode van evaluasie is om eenvoudig elkeen van die tien eienskappe te oorweeg en te bepaal of die eienskappe sterk- of swakpunte in die geloofsgemeenskap is, of nie een van die twee nie. Gebruik die kernvraag wat by elke beskrywing verskaf is om hieroor te besluit.

Die meegaande Aksieplan kan gebruik word om rekord te hou van die evaluasie uitslae.

Fokus

Dit is belangrik om op slegs 'n paar eienskappe per veranderingsiklus te fokus, want dit is baie moeilik om verskeie eienskappe gelyktydig suksesvol aan te spreek. Dit is gewoonlik die beste om op twee of drie eienskappe te fokus. Die keuse van 'n fokus hang af van die spesifieke omstandighede van die geloofsgemeenskap en die resultate van die evaluasie sal 'n goeie riglyn gee.

Fokus aan die begin op die eienskappe met laer tellings wat nie sterkpunte weerspieël nie: byvoorbeeld: indien # 1 'n swakheid is of neutraal is, behoort dit die fokus in die eerste siklus te wees, want dit is onmoontlik is om die ander eienskappe te versterk sonder om die stilte te verbreek.

'n Deernisvolle benadering is so belangrik, dat eienskap #2 die fokuspunt behoort te wees van elke veranderingsiklus, totdat dit 'n betekenisvolle sterkpunt is.

Stapsgewyse Verandering

Beplanning

Nadat daar besluit is op watter eienskappe gefokus moet word, is die volgende stap die beplanning van teen-stigma aktiwiteite wat gedurende die veranderingsiklus uitgevoer sal word. Die veranderingsiklus behoort normaalweg ses tot twaalf maande te duur. Die bepaalde aktiwiteite wat ingeoefen moet word, sal afhang van watter eienskappe gekies is, sowel as die ondervinding en kennis van die leiers van die geloofsgemeenskap. 'n Aantal praktyke wat vir elke eienskap aanbeveel word, gebaseer op verkeie jare se ondervinding, is vroeër in die handleiding verskaf. Die tabel op bladsy 17 toon watter goeie praktyke spesifiek effektief sal wees om bepaalde eienskappe te versterk. Hierdie is slegs riglyne en in spesifieke omstandighede kan ander aktiwiteite ook gepas wees.

Aksie

Die laaste deel van die veranderingsiklus gaan oor die uitvoering van beplande aktiwiteite. Soms mag dit nodig wees om halfpad deur die siklus veranderinge te maak om aan te pas by veranderde omstandighede.

In baie opsigte is hierdie die enigste gedeelte van die siklus wat werklik saak maak, omdat dit uiteindelik die aksies is wat 'n uitwerking sal hê op MIV- verwante stigma. Hierdie aspek verg deursettingsvermoë, omdat daar onverwagse hindernisse en uitdagings is wat oorkom sal moet word.

Gebruik die meegaande Aksie Plan om rekord te hou van die resultate van elke gedeelte van die veranderingsiklus.

Aanpak van Uitdagings

Om die stigma van MIV en VIGS te beëindig is 'n uitdaging. Daar is verskeie redes hiervoor:

- Jy moet houdings verander wat oor baie geslagte ontwikkel het.
- Jy moet aspekte van menslike gedrag aanspreek wat vir baie mense moeilik is om oor te praat.
- Jy moet kontroversiële teologiese konsepte aanspreek.
- Jy moet teologiese oorwegings kombineer met die realiteite van mense se lewens in komplekse omstandighede.
- Jy mag weerstand ervaar van lidmate en kollegas in jou geloofsgemeenskap.

Ten einde hierdie uitdagings die hoof te bied, moet jy as geestelike leier:

- Die impak van stigma erken;
- Jouself verbind om proaktief op te tree;
- Aanhou, moed hou en deurdruk totdat die stigma oorkom is.

Dit is goed om te onthou dat MIV en VIGS stigma 'n kwessie van lewe en dood is. Mense in jou gemeenskap en elders in die wêreld sterf as gevolg van stigma. In vele opsigte is stigma die laaste stryd wat gestry moet word om die VIGS-pandemie te oorkom. Die mediese wetenskap kan die siekte behandel en die verspreiding daarvan voorkom, maar net as mense vry voel om getoets te word en hulp te soek. Die optrede van leiers van geloofsgemeenskappe, soos jy, kan verseker dat ons die mediese ontwikkelinge ten volle kan benut en 'n einde maak aan die VIGS-epdemie.

Voorbeeld van die Veranderingsiklus

1 Assess

Die geloofsgemeenskap bepaal dat die Eienskappe # 1, # 4 en # 9 die sterkpunte is en dat die eienskappe # 2 en # 5 die swakstes is. Die ander eienskappe is nóg sterk nóg swak.

2 Fokus

Die geloofsgemeenskap besluit om te fokus op Eienskappe # 2 en # 5, wat swak punte is en eienskap # 3 wat nog nie sterk is nie.

3 Beplanning

Die geloofsgemeenskap kies die Goeie Praktyke A, B en I:

A – Boodskappe met inligting rondom “morele” en “veilige” aspekte van menslike gedrag (Sien eienskap # 3) asook boodskappe van aanvaarding, deernis en ondersteuning

B – Persoonlike getuienis van MIV-positiewe mense en MIV-positiewe geloofsleiers

I – Plakkate wat vertoon word in die plek van aanbidding

4 Aksie

Die geloofsgemeenskap voer aktiwiteite uit volgens hulle beplanning. In die proses raak dit duidelik dat die onderskeid tussen morele en veilige gedrag te moeilik is om in een erediens te hanteer en daarom word Beste Praktyk E bygevoeg:

E – Besprekingsessies rondom die onderskeid tussen morele en veilige gedrag in die konteks van MIV

Stapsgewyse Verandering

Stigma-Vrye Geloofsgemeenskappe – Aksieplan Vorm

Evalueer										
1. Identifiseer sterkpunte en swakpunte										
Fokus										
2. Kies eienskappe om aan te werk										
Beplan										
3A. Kies die relevante beste praktyke										
3B. Beplan aksies vir volgende 6-12 maande										
Aksie										
4. Volg die plan van aksie										

		1	2	3A	3B	4	5	6	7	8	9	10	
Eienskappe	Swak	Sterk	Fokus	A. Preek en onderrig oor stigma	B. Persoonlike getuienisse	C. Bied opvoedkundige sessies aan	D. Voorsien opvoedkundige hulpmiddels	E. Hou gespreksgeleenthede	F. Voorsien toetsing en berading	G. Organiseer ondersteuningsgroepe	H. Toets godsdiensteiers in die openbaar	I. Wys verbintenis in die openbaar	J. Bied gemeenskapsaktiwiteite aan
1. Praat openlik oor MIV en VIGS en verwante sake soos seksuele gedrag en geslagsongelykheid		✓		•	•			•				•	
2. Kommunikeer gereeld en deurlopend boodskappe van barmhartigheid en deernis eerder as veroordeling aan persone wat met MIV leef	✓		✓	✓	✓						•	✓	
3. Beskryf MIV en VIGS as 'n mediese toestand en nie as straf vir immorele gedrag nie			✓	✓	✓	•	•	•					
4. Verskaf basiese feite en inligting oor MIV en VIGS, insluitend maniere van oordrag, behandeling en voorkoming		✓		•	•	•	•						
5. Moedig lidmate aan om ten volle deel van die geloofsgemeenskap te wees, ongeag hulle MIV-status	✓		✓	✓	✓						•	✓	
6. Fokus op die versorging en ondersteuning van mense wat met MIV leef, eerder as hoe hulle geïnfecteer is				•	•	•	•		•				•
7. Bevorder 'n 'positiewe lewe' vir lidmate wat lewe met MIV, deur onderrig, bewusmaking en ondersteuningsgroepe							•		•	•			•
8. Motiveer alle lidmate om hulle te laat toets en fasiliteer toegang tot MIV toetsing en beradingsdienste				•					•		•		•
9. Bevestig elke individu se verantwoordelikheid om sy of haar eie MIV-status te ken en gedrag wat tot die oordrag van MIV kan lei te vermy.		✓		•	•			•	•	•	•		
10. Werk proaktief met ander organisasies saam om MIV en VIGS in die breër gemeenskap aan te spreek						•		•	•	•	•	•	•

Stigma-Vrye Geloofsgemeenskappe – Aksieplan Vorm

	3B	4
Maand	Beplande Aktiwiteite	Werklike Aktiwiteite
Jul	Erediens boodskap oor die onderskeid tussen morele en veilige gedrag	Erediens boodskap oor die onderskeid tussen morele en veilige gedrag
Aug	Erediens boodskap oor aanvaarding	Erediens boodskap oor aanvaarding <i>Gespreksgeleentheid oor die onderskeid tussen morele gedrag en veilige gedrag</i>
Sep	Erediens boodskap oor deernis	Erediens boodskap oor deernis
Okt	Erediens sluit persoonlike getuienis van MIV-positiewe persoon in	Erediens sluit persoonlike getuienis van MIV-positiewe persoon insluit
Nov	Erediens boodskap oor bemoediging Sit plakkate op	Erediens boodskap oor bemoediging Sit plakkate op
Dec	Erediens sluit persoonlike getuienis van MIV-positiewe geestelike leier in	Erediens sluit persoonlike getuienis van MIV-positiewe geestelike leier in

Ander Bronne

EMPACT Africa verskaf aanlyn steun vir plaaslike geloofsleiers om MIV-verwante stigma aan te spreek:

- Stigma evaluasie van die geloofsgemeenskap
- Aksie Planne en Opvolg
- Monitering en evaluasie
- Lesse geleer

EMPACT Afrika voorsien ook die volgende dienste aan geloofsleiers:

- Stigma vraelyste en opnames
- Leierskapsopleiding
- Stigma inisiatiewe vir verskillende denominasies

Vir meer inligting, raadpleeg:

www.empactstigmafree.org

Daar is baie ander aanlyn bronne, insluitende:

- UNAIDS (Joint United Nations Program on HIV/AIDS)
www.unaids.org
- CABSAs (Christian AIDS Bureau for Southern Africa)
www.cabsa.org.za
- INERELA+ (International Network of Religious Leaders Living With or Personally Affected by HIV)
www.inerela.org
- Stigma Action Network
www.stigmaactionnetwork.org
- GNP+ (Global Network of People Living with HIV/AIDS)
www.gnpplus.net
- Ecumenical Advocacy Alliance
www.e-alliance.ch
- World Council of Churches
www.wcc-coe.org

Publikasie en Verspreiding

Hierdie inligting mag sonder vergoeding herdruk word vir nie-kommersiële doeleindes, met die geskrewe toestemming van EMPACT Africa en met die nodige erkenning aan EMPACT Africa.

Die handleiding is ontwikkel vanuit 'n Christelike perspektief in Suidelike Afrika. EMPACT Africa sou graag met ander partye saamwerk om hierdie handleiding aan te pas vir ander geloofsoortuigings en ander geografiese streke, en om dit beskikbaar te maak in ander tale.

Indien jy belangstel in die herdruk of aanpassing van die handleiding in enige ander formaat, kontak asseblief:

resources@empactafrica.org

Bedankings

Die materiaal reflekteer lesse wat oor die afgelope vyf jaar geleer is terwyl daar met Christen leiers in suider Afrika saamgewerk is. Gedurende hierdie tyd het ons die voorreg gehad om met MIV en VIGS koördineerders van verskeie denominasies saam te werk: Eerw. Pearson Banda, Eerw. Komforce Blackie, Eerw. Buyelwa Maringa, Me. Andiswe Matiwane, Eerw. Buhle Mpofu, Eerw. Teboho Motumi, Mnr. Costin Mwale, Eerw. Gerald Phiri, Me. Pamela Vakala. Vele ander persone het ook bygedra, insluitende: Eerwaarde dr Gideon Byamugisha, Mnr. Joseph Collins, Eerw. Paul Friesen, Eerw. Janet Guyer, Eerw. J. P. Mokgethi-Heath, Dr. Sue Parry, Me. Lyn van Rooyen, Dr. Douglas Tilton, Mev. Linda Barstow en die hele EMPACT Africa span in Austin, Texas, VSA.

Die Afrikaanse uitgawe van hierdie handleiding is vertaal deur Mnr Willem Bester, met hulp van Me Aneleh Fourie-Le Roux en CABSA, met die ondersteuning van die Fetzer Instituut.

*Dr. David Barstow
President, EMPACT Africa*

“Stigma bly die enkele belangrikste hindernis tot gemeenskapsoptrede. Dit is die hoof rede waarom te veel mense bang is om ’n dokter te raadpleeg ten einde vas te stel of hulle die siekte het, en indien wel, om dan behandeling te ontvang. Dit dra daartoe by dat VIGS die stille moordenaar is , omdat so baie mense die sosiale vernedering vrees indien hulle daaroor sou praat, of die maklik-bekombare medikasie sou gebruik. Stigma is die hooforsaak waarom die VIGS pandemie voortgaan om verwoesting te saai in gemeenskappe rondom die wêreld.”

Ban Ki-moon, Sekretaris Generaal van die Vereenigde Nasies

“Ons sterf nie van die siekte nie.

Ons sterf vanweë die stigma.”

MIV-positiewe lidmaat, Reformed Church in Zambia

“Ek dink aan al die mense wat ek oor die laaste paar jaar begrawe het. Indien ons die EMPACT-program vroeër begin het, sou baie van hulle waarskynlik vandag nog gelewe het.”

Eerwaarde Gerald Phiri, Church of Central Africa Presbyterian

EMPACT Africa is 'n geloofsgebaseerde nie-profyt organisasie gebaseer in Austin, Texas, VSA en verbind daartoe om plaaslike kerkleiers in Suider-Afrika te help om die stigma van MIV en VIGS in hul gemeentes en gemeenskappe te beëindig. Vir meer inligting, kontak

EMPACT Africa

PO Box 164333

Austin, TX 78716 USA

www.empactafrica.org

EndTheStigma@empactafrica.org